Hoërskoo l
LADYSMITH
High School

Posbus 33 / P O Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2

17 Maart 2016

Geagte Ouers

Hier waar ons nou aan die einde van die eerste kwartaal gekom het, wil ek net weereens my dank uitspreek teenoor ons toegewyde personeel, administratiewe personeel, ouers en leerders vir hul volgehoue ondersteuning. Op die manier kan ons nog die hoë standaarde handhaaf wat vir ons so kosbaar is.

U het die eerste kwartaal se kalender ontvang en die vol program is ‘n aanduiding van hoeveel leerders en personeel elke dag betrokke is. My dank gaan dus ook uit aan almal wat aktief betrokke is om elke leerder se potensiaal te ontwikkel.

Tydens die E.G. Jansen Redenaarskompetisie, wat op Donderdag, 10 Maart plaasgevind het, was LHS in beide die junior en senior afdelings die naaswenners, met ander woorde hulle het tweede plek ingeneem. Voorwaar ‘n prestasie om dit te kon behaal uit al die deelnemende skole in KwaZulu-Natal. Corné Jooste was aangewys as die beste spreker in die senior afdeling.

Tydens vanjaar se KZN atletiekkampioenskappe die afgelope naweek het ons ….. medaljes verower waarvan 4 brons, 4 silwer en 3 goud was. Baie geluk aan die atlete met julle prestasies.

LHS is in die eerste plek ‘n akademiese instelling en dit is die hartslag van die skool. Die vennootskap tussen ouers, leerders en skool moet net weer beklemtoon word. Elkeen het ‘n belangrike rol om te vervul in die akademiese sukses van die skool

U kind sal sy/haar eerste kwartaal rapport ontvang en u moet asseblief u kind se akademiese vordering met hom/haar bespreek. In sommige gevalle sal die graadhoof u kontak en veral waar vakkeuses en druipelinge ter sprake is.

Ons sal altyd streng, regverdige en konsekwente dissipline toepas soos dit in die gedragskode van die skool uiteen gesit is. Die leerders het die

Etiese Kode geteken waarby hulle dus aangedui het dat hulle hul daarby sal hou.

Ons gelukwensing gaan ook uit na die verkose lede van die Verteenwoordigde Raad van Leerders (VRL). Hul pligte en verantwoordelikhede is aan hulle verduidelik.

Ons wil graag ook die ouers herinner aan die betaling van hul skoolgeld en om by die onderneming te hou soos dit aangedui is vir betaling. Baie dankie ook aan die ouers wat alreeds skoolgeld betaal het.

The laaste skooldag van die kwartaal (Vrydag, 18 Maart) sal ons ons toespits op operasie “skoonmaak”. Leerders sal toegelaat word om met “sivvies” skool toe te kom om te help met die skoonmaak van die skool. Die beheerliggaam het ons hul ondersteuning gegee. Heelwat van ons sportspanne en personeel vertrek ook die oggend vir hul onderskeie toere.

Ter afsluiting glo en vertrou ons dat almal ‘n geseënde Paasfees sal ervaar en ons sien daarna uit om ‘n nuwe suksesvolle kwartaal aan te pak wat op Dinsdag, 5 April begin.

Die uwe,

JC PIETERSE
SKOOLHOOF